



15 Desember 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. BOODKSAP VAN DIE HOOF

Ons het aan die einde van die mees uitdagendste jare in menseheugenis gekom. Dis 'n jaar waarin ons noodgedwonge moes leer om aan te pas by hierdie vreemde, nuwe omstandighede. 'n Mens kon maklik in 'n hoek gaan sit en wag dat meer normale dae weer terugkeer. Hier in Wonnieland het ons egter nie op ons laat wag nie en ons personeel het ingespring en besluit om hierdie nuwe uitdaging met al hulle mag aan te pak. Of dit nou was om te leer hoe om lesse vir aanlynonderrig te plaas of hoe om seker te maak almal bly veilig in die skool, in Wonnieland was almal die meeste van die tyd in rep en roer. Ek spreek hiermee my oneindige dank uit teenoor ons personeel vir hulle onbaatsugtige werk om ons Wonniekinders op kreatiewe en innoverende maniere te onderrig.

Ek is ook gevul met oorvloedige dankbaarheid dat ons skool buitengewoon geseënd was in hierdie jaar. Spreuke 10: 22 sê die seën van die HERE maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg niks by dit nie. Ons kan werklik met groot lofbetuiging aan ons Hemelse Vader dankie sê dat Hy ons te midde van die uitdagende omstandighede, ryklik geseën het. Ons kon niks bydra nie behalwe om verantwoordelike rentmeesters te wees oor dit wat Hy aan ons toevertrou het. Alhoewel ons nog steeds baie onsekere tye tegemoet gaan, kan ons rus in die wete dat Hy die toekoms in Sy hande hou.

Ons beplanning vir 2021 is reeds gedoen met verskeie scenarios as moontlikhede. Wat dit ookal mag wees, ons sal slag gereed daarvoor wees.

Ek wil ook dankie sê aan ons ouers wat getrou hulle verpligtinge nagekom het in die ondersteuning van hulle kinders. Ook wat die betaal van skoolgelde betref, sodat ons Beheerliggaam-personeel met gemoedsrus kon aanhou om hulle werk goed te doen, wil ek baie dankie sê. Ek is ook dankbaar vir die skoolbeheerliggaam wat saam kopgekrap het om te verseker dat alles in plek is om te verseker ons skool floreer.



Vir elke Wonniekind, ouer en personeellid wens ek 'n baie geseënde Kersfees toe. Mag elkeen rus in die wete dat ons 'n STERK HAND het wat ons elke oomblik ondersteun. Vir die van u wat reis is my pleidooi dat u asseblief versigtig moet ry en dat u veilig moet bly waar u ookal gaan wees.

2. NUWE BANKBESONDERHEDE

Die skool verskuif in Januarie 2021 na FNB-Bank. Alle betalings moet dus voortaan gedoen word volgens die volgende bankbesonderhede:

Bank: FNB

Tjekrekening: 62877816789

Takkode: 250655

3. HANTERING VAN SKOOL IN 2021

Soos u seker in die nuus gehoor het, beleef Suid-Afrika tans weer 'n oplewing in Covid-19 gevalle. Die Departement van Onderwys het dus besluit dat skole steeds volgens die status quo moet werk. Ten einde die skool te bestuur, word daar beplan om grade per dag skool toe te bring. Dit beteken dat die skool op **27 Januarie** sal begin met **graad 8, graad 10 en graad 12**. Op **28 Januarie** sal **graad 9-, graad 11- én graad 12-leerders** dus skool begin bywoon.

Alle leerders gaan voortaan die sporthek gebruik om toegang tot die skool te kry. Geen leerder (ook nie graad 12-leerders nie) sal by die boonste hek toegang tot die skool kry nie. Leerders in graad 8-11 woon dus, volgens hul graad, elke tweede dag skool by, terwyl graad 12-leerders daaglik skool bywoon. Indien enige van die beplanning verander, sal u dadelik in kennis gestel word.



4. JAARBLAD

In 2020 word 'n digitale jaarblad uitgegee. Lees gerus die aangehegte dokumente deur ten einde self toegang tot die jaarblad te verkry.

Winnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF

LAAI SÓ JOU DIGITALE JAARBOEK AF!

1. KRY DIE **FC YEARBOOKS** TOEP (DIS DIE MOOI AFRIKAANSE WOORD VIR APP)



2. KLIK OP “ADD BOOK” EN VOLG DIE INSTRUKSIES OM JOU PROFIEL TE SKEP

*(Dit is **BAIE** belangrik dat jy jou naam en van insit soos wat dit op die skool se klaslys is)*


3. BEVESTIG JOU REGISTRASIE MET DIE **4-NOMMER KODE** WAT NA JOU E-POS GESTUUR IS *(Moenie hierdie kode verwar met die 6-nommer kode vir jou Persoonlike ID nie)*

4. DIE SKOOL HET VIR JOU ‘N **6-NOMMER KODE** GESTUUR WAT GEKOPPEL IS AAN JOU NAAM. HIERDIE IS JOU PERSOONLIKE KODE EN IS SLEGS GELDIG VIR HIERDIE JAAR SE JAARBOEK. SIT NOU DIE 6-NOMMER KODE IN (PERSONAL BOOK ID)

** Moenie hierdie kode deel of enige iemand anders se kode gebruik nie*

5. BEVESTIG JOU GRAAD EN LAAI DIE JAARBOEK AF!

6. INDIEN JY SUKKEL STUUR ‘N EPOS AAN support@fcyearbook.com MET JOU NAAM, VAN, GRAAD EN PROBLEEM WAT JY ONDERVIND



HIERDIE IS MÉÉR AS NET 'N DIGITALE JAARBOEK!

Sodra jy die jaarboek afgelaai het kan jy die volgende doen:

1. Stuur aan enige iemand in die boek (ja selfs jou onderwysers!) 'n **BOODSKAP**. LET WEL: Jy kan net EEN boodskap vir 'n persoon stuur, so dink mooi wat jy wil skryf want as dit gestuur is, is dit finaal en altyd daar

GAAN KYK HIER HOE OM DIT TE DOEN:

<https://vimeo.com/194349262>

2. Stuur aan enige iemand in die boek (ja selfs jou onderwysers!) 'n 7 sekonde **VIDEO** LET WEL: Jy kan net EEN video per persoon stuur, so dink mooi wat jy wil stuur want as dit gestuur is, is dit finaal en altyd daar

GAAN KYK HIER HOE OM DIT TE DOEN:

<https://vimeo.com/194511851>

3. Stuur aan enige iemand in die boek (ja selfs jou onderwysers!) **3 PLAKKERS** LET WEL: Jy kan net EEN KEER plakkers vir 'n persoon stuur, so dink mooi wat jy wil stuur, want as dit gestuur is, is dit finaal en altyd daar

GAAN KYK HIER HOE OM DIT TE DOEN:

<https://vimeo.com/194354184>

**BOODSKAPPE, VIDEOS EN PLAKKERS KAN SLEGS DEUR
DIE PERSOON VIR WIE DIT GESTUUR IS GESIEN WORD**

VRYWARING

Met die aflaai van hierdie digitale boek bevestig die gebruiker van die toep **VOLLE VERANTWOORDELIKHEID** vir die gebruik en die inhoud wat gedeel word op hierdie toep.

Die Suid-Afrikaanse regstelsel en Skolewet is duidelik oor naamskending en boelies.

Enige gebruiker van hierdie toep wat hom- of haarself skuldig maak deur onweloweglike taalgebruik, skending van 'n ander se karakter of iemand te boelie is as gebruiker van die toep verantwoordelik en kan vervolg word.

Nolte Produksies, FC Yearbooks, Die Hoërskool Wonderboom, sy beheerliggaam en personeel aanvaar **GEEN** verantwoordelikheid vir enige onweloweglike boodskappe of videos wat via die toep gestuur word nie en veroordeel enige onweloweglikheid van enige aard.

**BOODSKAPPE EN VIDEOS WAT OP HIERDIE TOEP GEDEEL WORD
GAAN ALTYD DAAR WEES**

DINK MOOI VOORDAT JY IETS OPLAAI